Preek-eggo

Sondag, 27 Mei 2018

JA vir GOD

Kolossense 3:2 (AFR1983): Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie

Gebruik die aanhalings uit Henri Nouwen se boek "Life of the Beloved" en tekste om weer die boodskap te herkou.
God het ons gemaak om ons lief te hê. Die groot misterie van God is dat Hy hunker daarna om ons terug lief te hê. Hierdie liefde wat God vir ons het en ons vir Hom het maak van ons gestuurdes na hierde wêreld. Ons word gestuur om ander lief te hê soos God ons liefhet. Ons word gestuur om aan die wêreld te wys dat ons niks het om te bewys nie. Ons is klaar aanvaar, ons is klaar geliefd. Alles wat ons in hierdie lewe ontvang, beleef, sien, eet en drink is 'n gawe uit God se hand omdat Hy so lief is vir ons.

"Your family and your friends, your colleagues and your competitors and all the people you may meet on your journey through life are all searching for more than survival. Your presence among them as the one who is sent will allow them to catch a glimpse of the real life.

The world is only evil when you become its slave."
Henri Nouwen

Johannes 18:36 (AFR1983): "My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie,"

Prediker 9:7 (DIEBYBEL: A19331953): 7 Gaan dan heen, eet jou brood met vreugde, en drink jou wyn met 'n vrolike hart, want God het lankal behae in jou werke.

"If, however, you really want to live in the world, you cannot look to the world itself as the source of that life.

Spiritually you do not belong to the world. And this is precisely why you are sent into the world."

Hebrews 13:14 (AFR1983): Want ons het in hierdie wêreld geen vaste verblyfplek nie, ons is op soek na die toekomstige.

'The change of which I speak is the change from living life as a painful test to prove that you deserve to be loved, to living it as an unceasing 'Yes' to the truth of that Belovedness'.

Johannes 21:17 (AFR1983): Jesus vra hom die derde keer: "Simon seun van Johannes, het jy My lief?"

1 Johannes 3:2 (AFR1983): Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God. Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees. Ons sal Hom sien soos Hy werklik is.